



**Speurhond Willem en die wilddiewe
deur
Elizabeth Wasserman**

Voorgestelde antwoorde vir aktiwiteitsgids



Tafelberg

www.jongklomp.co.za
www.facebook.com/NBJongklomp

Cum Laude
Opvoedkundige dienste BK • Educational services CC

Hierdie gids is ontwikkel deur Cum Laude Opvoedkundige Dienste.
cumlaudejr@gmail.com

Hoofstuk 1: Planne

Antwoorde:

1. Adriaan (1)
2. Die rooi en geel verpakking lyk heeltemal uit sy plek op die middel van ons netjies gedekte tafel. (1)
3. My ma fluit 'n lawwe deuntjie... (1)
4. Wit en swart (1)
5. My niggies kom kuier en ek moet my kamer vir hulle afstaan.(Enige sinvolle antwoord is aanvaarbaar.) (1)
6. Kitsbank(1) Kitskoffie; kitsoplossings; kitspannekoekmengsel (1)
7. As ek haar selfoon, sonder haar toestemming, gebruik om my oorsese vriende te bel. (1)

Hoofstuk 2: My tannie Lolla

Antwoorde:

1. By my oupa en ouma, want Ouma kan my met wiskunde help en Oupa luister altyd as ek praat.(Enige sinvolle antwoord is aanvaarbaar.) (1)
2. Adriaan is té lief vir diere en hy sal dit nie oor sy hart kry om enige dier te skiet nie. (Enige sinvolle antwoord is aanvaarbaar.) (1)
3. Sewe (vlakvarke; kameelperde; renosters; Poen; luiperds; bokooie; olifante) (1)
- 4.(b) Willem gaan 'n las wees en moeilik om tevrede te stel. (1)
- 5.(b) Jaloesie. (1)

Daar word met Poen gespog; daarom snork Willem as hy dink: "Dit sal ons nog sien..."

Hoofstuk 3: Bo in die lug

Antwoorde:

1. Hulle kan vrees dat hulle nooit weer hul eenaars gaan sien nie; dat hul vir ewig in die hok sal moet bly; die onbekende. (Enige sinvolle antwoord sal aanvaar word.) (1)
2. Ek voel ontsteld omdat diere baie bang raak wanneer die omgewing en die mense onbekend is. (1)
- 3.(a) Met 'n kolhaas met slap ore (1)
(b) Met 'n ronde motortjie met 'n skroef en vlerke aan. (1)
(c) Met reuse springmielies. (1)
4. Poen was ook op die klein vliegtuigie, maar Poen was toe nooit 'n hond nie, maar 'n ratel. (1)
5. Skaam; kwaad; moedeloos; in die verleentheid; ek voel ek kan weghardloop.(Enige sinvolle antwoord sal aanvaar word.) (1)

Hoofstuk 4:

Antwoorde:

1. Hulle is nagdiere; hulle is taai diere; hulle koppe is plat en breed; hul oortjies is byna onsigbaar klein; hulle het swart ogies. (Enige twee antwoorde) (2)
2. Trop (1)
3. Dat die wilddiewe op haar plaas doenig is. (1)
4. Skermoelies (1)

5. Die renosterhoring vir baie geld aan bygelowige Oosterse mense soos medisyne verkoop. Hulle glo dat renosterhoring hulle baie sterk kan maak. (1)
6. Hy het nie geweet dat erdvarke in gate in die grond bly nie. (1)
7. Skets van die toebroodjie met drie byskrifte. (3)

Hoofstuk 5: Ben

Antwoorde:

1. Dit is kwalik minder as 'n breë stuk grond waar die bome en bosse weggeskraap is. (2)
2. Langbeenhoenders (1) Langnekvoëls (enige sinvolle oorspronklike antwoord is aanvaarbaar) (1)
3. Kameeldoringboom (1)
4. Ja. My pa het my hare afgeskeer omdat hy vir my besluit het dat dit koeler sal wees. (1)
(Enige sinvolle antwoord is aanvaarbaar.)
5. Vriendelik; rats; bygelowig (3)
6. Protesteer (1)

Hoofstuk 6: Spoorsny

Antwoord:

1. Om die die spoor van iets te volg. (1)
2. 'n Truspieëltjie (1)
3. Vlakvarke (1)
4. Masjiengeweer; jaggeweer; oorlogstenk; helikopter (4)
5. Hulle het hom beseer. (1)
6. Die renoster was kwaad en meer verward van die dreuning van die helikopter en op Adriaan afgestorm. (1)
7. Hy het flou/bewusteloos geraak. (1)

Hoofstuk 7: Waar is Willem?

Antwoorde:

1. Wanneer verskillende stukkies (afval-)materiaal aanmekaar gewerk word en dan gebruik word om 'n kombes oor te trek, noem ons dit 'n lappieskombes. (1)
2. Hy het soos 'n klip geslaap. (1)
3. Seuns mag huil, want hulle raak ook hartseer en het ook gevoelens soos meisies. Seuns is nie van klip gemaak nie. (Gee leiding en bespreek die stelling) (1)
4. Ja. My troeteldier het een oggend by die voordeur uitgeglim en weggehardloop. Ons het hom eers 'n week later gevind. (Enige sinvolle storie is aanvaarbaar.) (2)

Hoofstuk 8: Koffie by die buurman

Antwoorde:

1. a) gewonde (b) vraatsugtige (2)
2. sindikaat (1)
3. Ja. My hond is altyd bly om my te sien. (2)
Nee. My hond het my gebyt toe ek hom 'n drukkie wou gee.
4. Enige sinvolle antwoord om die leerder se antwoord te staaf sal aanvaarbaar wees. (5)
4. Enige vyf sinne wat by die gebeure aansluit en logies opmekaar volg. (5)

Hoofstuk 9: 'n Ongewenste ontmoeting

Antwoorde:

1. Alle diere het die reg om mooi behandel te word. Die renosters kan uitsterf en dan sal ons kinders en hulle kinders (ons nageslag) nooit die voorreg hê om 'n regte renoster te kan sien nie. Die wêreld sal armer wees. (2)
2. Ek voel kwaad omdat daar so baie wrede mense is wat diere en mense seer- of doodmaak en dan kom hulle baie keer weg daarmee. (1)
3. Hartseer; frustrasie; moedeloosheid; geamuseerdheid; gemotiveer om ook te help deur miskien 'n brief te skryf of 'n geldelike bydrae te maak. (2)

Hoofstuk 10: Moeilikheid

Antwoorde:

1. detensie; kwaad; straf; huil; seerkry; woede; ongelukkigheid; mislukking(alle woorde wat sin maak, moet aanvaar word).
2. 'n Betekenisvolle storie en vergelyking bv. dit was baie erger of dit was glad nie so erg nie, sal reg wees.

Hoofstuk 11: Sabotasie

Antwoorde:

1. Sabotasie is om doelbewus iets te doen om vasgestelde planne in die wiele te ry. (1)
2. Werkwoord (1)
3. Selfstandige naamwoord/Soortnaam (1)
4. Wes. Hulle stap in die rigting waar die son besig is om onder te gaan en die son gaan onder in die Weste. (1)
5. ...neus en mond toe te druk en die suurstoftoevoer af te sny. (1)

Hoofstuk 12: Onder die sterre

Antwoorde:

1. drie (daar is sewe in die krat) (1)
2. Om hulself te beskerm; Hulle krap die bosse en takke uit hulle pad. (2)
3. Hulle is nie dapper diere nie; Hulle is soos aasvoëls/hang heelnag rond en wag dat die regte roofdiere soos leeus of jagluiperds die harde werk doen; Hulle kan soms gewonde of kleiner diere aanval, veral as daar meer as een hiëna is; Die geluid wat hiënas maak, is lag; Hulle het kolle op hulle lyf; (antwoorde wat korrek afgelei is van illustrasie op bl. 76 sal ook korrek wees). (4)
4. 'n Vrolike deuntjie kan hom beter laat voel as hy ongelukkig of bang is. Die musiek kan jou gedagtes aflei van dit waarvoor jy bang is; Met musiek voel jy nie so alleen nie; Die vreemde mondfluitjie klanke kan die wilde diere verdryf; As jy verdwaal, sal dit vir mense makliker wees om jou te vind wanneer jy op jou mondfluitjie speel. (2)
5. Nee, dis 'n denkbeeldige klein mannetjie en bestaan net vir bygelowige mense. Die Tokkelossie kon die bewegende skaduwees van die bosse in die maanlig gewees het of dit kon bloot sy verbeelding gewees het. (1)

Hoofstuk 13: Op die spoor van die jagters

Antwoorde:

1. Voorbeeld: www.geerenosterkans.co.za E-pos: willem@renoster.co.za
2. Om mense bewus te maak van hoe 'n wonderlike dier die renoster is;
Om mense bewus te maak van die gevaar waarin renosters leef;
Om mense bewus te maak van die tragedie as die renoster sou uitsterf;
Om die mense bewus te maak van die noodsaaklikheid dat mense hul hulp aanbied;
Om mense bewus te maak van die noodsaaklikheid van die beskerming en bewaring van die renoster.
3. Diereliefhebbers; natuurliefhebbers; omgemense; mense wat graag 'n verskil wil maak.
4. Die embleem.

Hoofstuk 14: Diere in die bos

Antwoorde:

- 1.a) oorgewig
(b) beroemd
(c) maer; kort
(d) onervare
(e) beroep-(speurder) (6)
2. Beperk tot die omgewing (1)
3.smelt weg in die bosse in hulle gekamoefleerde klere. (1)
4. sarkasties; satellietegnologie (enige ander voorbeelde) (2)

Hoofstuk 15: Konfrontasie

Antwoorde:

Voltooi die strokiesprent.

Hoofstuk 16: Ek leer bestuur

Antwoorde:

1. Voorbeeld: Swiffervalk leer sy les (1)

2. Voorbeelde: Die krokodille moet hom opvreet; Hy moet gered word sodat hy kan tronk toe gaan; Hy moet vir die res van sy lewe in 'n wildpark gaan werk. (1)

3. Voorbeelde van sinne:

- Die bakkie het op die rivier se pad gestaan.
- Adriaan kon nie alleen die bakkie bestuur nie.
- Willem het die pedale getrap.
- Adriaan stop met die handrem.
- Tannie Lolla jaag vir Swiffervalk met 'n kierie in haar hand.
- Swiffervalk het in die drif beland.
- Swiffervalk was omring deur krokodille.
- Adriaan het gaan hulp soek. (8)

Hoofstuk 17: Die einde van die wilddiewe

Antwoorde:

1. Die leerder skryf ongeveer 10 reëls oor sy/haar belewenis van die boek.

2. Lees die artikels in die klas en bespreek indien nodig.